Sessie 1
’n Stroom-op persoon

WEB978-1-4316-1018-1_Sessie 1.indd 1 2014/11/04 02:41:57 PM

1

'n Stroom-op persoon

Vooraf

Lees vooraf die eerste 7 hoofstukke van *Leef stroom-op!*

> Charles Finney het gesê: "A state of mind that sees God in everything is evidence of growth in grace and a thankful heart."
>
> Hierdie boek wil my en jou help om dít wat Charles Finney sê, uit te leef. Hoe? Deur jou bewus te maak van jou 4:8-bril wat elke gelowige ontvang het. Deur konstant bewus te wees van jou 4:8-bril, gaan jy anders kan leef, ja, **stroom-op** leef omdat jy vir God in alles en álmal sien. As jy so na die lewe kyk, kan dit nie anders dat genade en dankbaarheid jou lewe kenmerk nie.
>
> (Uit *Leef stroom-op!* hoofstuk 1)

Opening

Doen 'n gebed saam en gee daarna spontaan kans dat groepslede een ding deel wat vir hulle uitgestaan het met hulle lees van die bepaalde hoofstukke uit *Leef stroom-op!*

Video-"clips"

Kyk saam na die gratis aflaaibare video-"clip" **'n Stroom-op persoon**.

Neem notas oor enigiets wat vir jou in die "clip" uitstaan. (As julle tyd het, kan julle dit twee keer kyk.)

Bespreking

1. Deel met mekaar wat vir jou in die "clip" uitgestaan het.

2. Watter eienskappe oor "mavericks" het Elliroma Gardiner genoem? Wat maak die eienskappe so uniek?

3. Watter ander bekende **stroom-op** persone ("mavericks") benewens Richard Branson en Steve Jobs kan jy aan dink en wat maak hulle so **stroom-op**?

4. Wat maak Jesus die grootste **stroom-op** persoon ooit? Wees spesifiek.

"The most amazing fact about Jesus, unlike almost any other religious founder, is that he found God in disorder and imperfection – and told us that we must do the same or we would never be content on this earth."

~ Richard Rohr

5. Noem ander **stroom-op** persone in die Bybel. Gee redes vir jou antwoorde.

Groepsontdekking

1. Hoe sal julle 'n **stroom-op** persoon beskryf en waarom is dit van pas dat 'n Jesusvolgeling die beskrywing dra?

2. Bespreek die volgende aanhaling veral hoe dit ons help om **stroom-op** te leef.

"When we live according to our fears and our hates, our lives become small and defensive, lacking the deep, joyous generosity of God. If you find some part of your life where your daily round has grown thin and controlling and resentful, then these texts are for you. Life with God is much, much larger, shattering our little categories of control, permitting us to say that God's purposes led us well beyond ourselves to live and to forgive, to create life we would not have imagined."

~ Walter Brueggemann

3. Laat julle Jesus se saligsprekinge (Matteus 5:3-12) ontgin deur dieper in hierdie **stroom-op** gedagtes van Jesus te delf.

Oordink elke saligspreuk individueel en vra mekaar elke keer af: Wat leer die wêreld (met ander woorde stroom-af siening) en wat beteken Jesus se woorde vir 'n **stroom-op** persoon?

Gelukkig is dié mense wat weet hoe nodig hulle God het, want die koninkryk van die hemele is húlle deel.

~ Matteus 5:3, NLV

You're blessed when you're at the end of your rope. With less of you there is more of God and his rule.

~ Matteus 5:3, *The Message*

Wat is die stroom-af siening hiervan?

Wat beteken hierdie **stroom-op** leefwyse prakties?

Gelukkig is die treurendes, want God sal self hulle trane afvee.

~ Matteus 5:4, NLV

You're blessed when you feel you've lost what is most dear to you. Only then can you be embraced by the One most dear to you.

~ Matteus 5:4, *The Message*

Wat is die stroom-af siening hiervan?

Wat beteken hierdie **stroom-op** leefwyse prakties?

Gelukkig is dié wat sag van hart is, want die nuwe aarde sal hulle erfporsie wees.

~ Matteus 5:5, NLV

You're blessed when you're content with just who you are – no more, no less. That's the moment you find yourselves proud owners of everything that can't be bought.

~ Matteus 5:5, *The Message*

Wat is die stroom-af siening hiervan?

Wat beteken hierdie **stroom-op** leefwyse prakties?

Gelukkig is dié wat honger en dors na wat voor God reg is, want Hy sal hulle hartsverlange bevredig.

~ Matteus 5:6, NLV

You're blessed when you've worked up a good appetite for God. He's food and drink in the best meal you'll ever eat.

~ Matteus 5:6, *The Message*

Wat is die stroom-af siening hiervan?

Wat beteken hierdie **stroom-op** leefwyse prakties?

Gelukkig is dié wat met ontferming uitreik na mense in nood, want God sal Hom oor húlle ontferm.

~ Matteus 5:7, NLV

You're blessed when you care. At the moment of being "care-full," you find yourselves cared for.

~ Matteus 5:7, *The Message*

Wat is die stroom-af siening hiervan?

Wat beteken hierdie **stroom-op** leefwyse prakties?

Gelukkig is dié wie se harte volkome op God gerig is, want hulle sal vir God sien.

~ Matteus 5:8, NLV

You're blessed when you get your inside world – your mind and heart – put right. Then you can see God in the outside world.

~ Matteus 5:8, *The Message*

Wat is die stroom-af siening hiervan?

Wat beteken hierdie **stroom-op** leefwyse prakties?

Gelukkig is die vredemakers, want God sal vir hulle sê: "Julle is my kinders."

~ Matteus 5:9, NLV

You're blessed when you can show people how to cooperate instead of compete or fight. That's when you discover who you really are, and your place in God's family.

~ Matteus 5:9, *The Message*

Wat is die stroom-af siening hiervan?

Wat beteken hierdie **stroom-op** leefwyse prakties?

Gelukkig is dié wat vervolg word ter wille van wat voor God reg is, want die koninkryk van die hemele is húlle deel.

~ Matteus 5:10, NLV

You're blessed when your commitment to God provokes persecution. The persecution drives you even deeper into God's kingdom.

~ Matteus 5:10, *The Message*

Wat is die stroom-af siening hiervan?

Wat beteken die **stroom-op** leefwyse prakties?

Gelukkig is julle wanneer julle bespot en vervolg word en allerhande leuens oor julle versprei word omdat julle my dissipels is. Wees bly, ja, jubel daaroor, want God sal julle ryklik daarvoor beloon. Onthou, so het hulle die profete voor julle ook vervolg.

~ Matteus 5:11-12, NLV

Not only that – count yourselves blessed every time people put you down or throw you out or speak lies about you to discredit me. What it means is that the truth is too close for comfort and they are uncomfortable. You can be glad when that happens – give a cheer, even! – for though they don't like it, I do! And all heaven applauds. And know that you are in good company. My prophets and witnesses have always gotten into this kind of trouble.

~ Matteus 5:11-12, *The Message*

Wat is die stroom-af siening hiervan?

Wat beteken hierdie **stroom-op** leefwyse prakties?

4. Paulus was 'n **stroom-op** persoon duisend en hy gee in Romeine 9:9-21 riglyne vir 'n **stroom-op** lewe.

- Hoe sal die tipe **stroom-op** liefde wat Paulus in vers 9-16 beskryf ons verhoudinge met mede-Jesusvolgelinge transformeer?

- Hoe sal Paulus se **stroom-op** raad in vers 17-21 ons help om skuurpapiermense/vyande te hanteer?

5. Luister na hierdie ware **stroom-op** storie:

Tydens die Tweede Wêreldoorlog het inwoners van Le Chambon, 'n klein dorpie in Frankryk, **stroom-op** gelewe. Die dorpie se predikant, Andre Trocme, en sy vrou, Magda, het vir die inwoners gevra om op hulle Christelike beginsels te reageer en hulle bure wat in nood is, te help.

Die resultaat van hulle dade was dat 5 000 Jode deur hulle toedoen uit die kloue van die Nazi's ontsnap het en só die oorlog oorleef het.

- Watter **stroom-op** verskille sou julle maak as julle net julle beginsels uitlewe?

- Watter verskille maak Christene reeds in hulle gemeenskap omdat hulle **stroom-op** dinge doen?

Afsluiting

Sluit af met gebed en herinner almal dat hulle voor volgende week se byeenkoms hoofstuk 8-14 van *Leef stroom-op!* moet lees.